PROVINSIALE KENNISGEWING 94 VAN 2017

NALEDI PLAASLIKE MUNISIPALITEIT
KENNISGEWING VAN AANSOEK OM DIE WYSIGING VAN DIE NALEDI DORPSBEPLANNINGSKEMA, 2004 INGEVOLGE ARTIKEL 17 VAN DIE ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985 (ORDONNANSIE 15 VAN 1985) WYSIGINGSKEMA NR. 05/2017

Ons, Smit en Fisher Stadsbeplanning (Edms) Bpk, synde die gemagtigde van agent van die eienaar van **Erf 1324, Dorp Vryburg**, gee hiermee ingevolge Artikel 17 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), kennis dat ons by die Naledi Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het om die wysiging van die Naledi Dorpsbeplanningskema, 2004 deur die hersonering in terme van Artikel 17 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) van die bogenoemde eiendom. Die eiendom is geleë op die hoek Skoolstraat en Jacarandastraat, Vryburg. Die hersonering is van "Institusioneel 1" na "Besigheid 1" met spesiale toestemming vir 'n transmissietoring, om voorsiening te maak vir die oprigting van 'n telekommunikasie toring en basisstasie op 'n gedeelte van die eiendom.

Enige beswaar(e) en/of kommentaar(e), insluitend die gronde vir so 'n beswaar(e) en/of kommentaar(e) met volledige kontakbesonderhede, waarsonder die Munisipaliteit nie kan korrespondeer met die persoon of liggaam wat beswaar(e) en/of kommentaar(e) aangeteken het nie, moet ingedien word by, of skriftelik aan die: Die Waarnemende Munisipale Bestuurder, Naledi Plaaslike Munisipaliteit, Posbus 35, Vryburg, 8600 gestuur word vanaf 30 Mei 2017 *(die datum van eerste publikasie van die kennisgewing)*, tot 27 Junie 2017 *(nie minder nie as 28 dae na die datum van die eerste publikasie van die kennisgewing).*

Volledige besonderhede van die aansoek kan gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsbeplanner, Naledi Plaaslike Munisipaliteit, Tegniese Dienste: Stadsbeplanning, 19A Markstraat, Vryburg, 8600, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum van eerste publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale Koerant en Stellalander koerant geïnspekteer word.

NAAM EN ADRES VAN AANSOEKER:
Smit en Fisher Stadsbeplanning (Edms) Bpk
371 Melk Straat, Nieuw Muckleneuk, 0181.
Posbus 908, Groenkloof, 0027
Tel: (012) 346 2340
Faks: (012) 346 0638
E-pos: noma@sfplan.co.za
Datum waarop kennisgewing gepubliseer word: 30 Mei 2017
Sluitingsdatum vir besware en kommentaar: 27 Junie 2017
Ons verwysing: Colinda Primary